
Publication: Rapport (Kaap), Second Edition
Date: Sunday, June 05, 2022
Page: 4

Marizanne Kok

# Meester-misoes knak slagoffers

- Hulle kan nie hul daaglikse uitgawes sonder dié geld dek nie
- 'Dis soos 'n swart gat in die ruimte: alles gaan in, niks kom uit'




Die Salu-gebou in Pretoria, waar die hoofstad se meesterskantoor is. | FOTO: ELIZABETH SEJAKE



Lang toue mense buite die kantoor van die meester in Pretoria is 'n alledaagse gesig, met net 'n breukdeel van die toonbanke wat beman word. | FOTO: ELIZABETH SEJAKE

**Probleme by Meesterskantore (28 Mei 2018 tot 25 April 2022)**




Bron: Fisa

THEUNS KRUGER, Grafika24

Toe 'n hof verlede Augustus gelas het dat die Padongelukkefonds (POF) meer as R2,3 miljoen moet uitbetaal aan Anele Modise* (toe 14) was haar regspan en familie in ekstase.

Uiteindelik, het hulle gedink, sou daar geld wees om 'n neuroloog te gaan spreek oor die hewige hoofpyne wat haar sedert 'n motorongeluk in 2014 amper daagliks neervel, vir 'n ortopedis wat aan haar beseerde been kan opereer en vir 'n bed wat haar menswaardigheid kan herstel ná jare van op die vloer slaap.

Maar nege maande later het Anele se lewe geen aks verbeter nie. 'n Besluit verlede jaar deur die meester van die hooggeregshof dat spesiale trusts waarmee POF-uitbetalings soos hare bestuur kon word, nie geregistreer mag word nie, bring mee dat die Modise's nie toegang tot die geld het nie.

Die hoofmeester het die direktief uitgereik omdat hy meen sulke sake kan beter hanteer word deur die aanstelling van 'n kurator bonis (gewoonlik 'n prokureur of advokaat) as in 'n spesiale trust, omdat die meester dan meer beheer het oor hoe die geld bestee word.

Vir Anele is die gevolg bloot dat sy nie toegang kry tot haar geld nie. Sy het vroeër vanjaar die eerste kwartaal van haar gr. 9-jaar gedruip en sy raak al hoe meer wispelturig, straks weens die kopbesering wat sy as sewejarige opgedoen het.

"Haar ma glo sy het dringend sielkundige hulp nodig, want haar gedrag is kommerwekkend," sê Penny du Plessis, die Modise's se prokureur, die afgelope week. "(Sy) vergeet baie dinge en die vrees is dat dit gebeur omdat iets in haar brein verkeerd is."

Soos sake nou staan, sê Du Plessis, kan Anele se ma niks meer doen nie as om haar na 'n staatskliniek te neem en gewone hoofpynpille oor die toonbank by die apteek te koop nie. Sy betaal R500 per maand vir vervoer skool toe en terug, omdat Anele se beenbesering vererger het toe sy die lang afstand skool toe te voet afgelê het.

Sy en haar dogter woon saam met agt ander familielede in 'n huis waar daar nie genoeg beddens vir almal is nie.

Die ma raap en skraap met 'n staatstoelaag van R470, onderhoud van R500 van Anele se pa en die geldjies wat inkom wanneer sy mense in die omgewing se klere was of nou en dan plaaswerk kry.

> **Honderde word nie gehelp nie omdat amptenare op hul hande sit.**

Voorverlede week het 'n volbank van drie regters in die Gautengse hooggeregshof gelas dat die hoofmeester die direktief aan al die land se meesterskantore, waarin hulle verbied is om spesiale trusts te registreer, moet terugtrek.

Uberrima Phoenix, die maatskappy waarvoor Du Plessis werk en wat aansoek gedoen het om die Modise-trust te bestuur, was een van sewe regspersone wat as amicus curiae (vriende van die hof) aan die saak deelgeneem het, en die hof oortuig het dat die oprigting van spesiale trusts in sommige gevalle meer gewens is as die aanstelling van 'n kurator bonis.

Hieronder tel dat dit minder prakties is om as kurator op te tree omdat daar in dié rol maandeliks verslag aan die meester gedoen moet word van hoe die geld bestee word en vir die meerderheid van uitgawes toestemming van die meester verkry moet word. Nog 'n amicus curiae in dié saak, Willem Bouwer, het aan *Rapport* gesê dat kuratorstariewe boonop baie laag is, en daar dus min persone is wat bereid is om die rol te vervul.

Twee weke nadat die hof sy beslissing gemaak het, het die hoofmeester nog nie 'n nuwe direktief uitgereik nie, en Anele se trust kan dus steeds nie geskep word nie.

Martin Mafojane, die hoofmeester, het in reaksie op navrae deur bekommerde prokureurs gesê hy het die onderskeie hoofde van die meesterkantore tot Dinsdag gegee om hul mening oor die uitspraak te lig, maar het net van enkeles gehoor.

"Ons regseenheid bestudeer ook steeds die uitspraak. Ek het beplan om 'n direktief vir 01/06/2022 neer te pen, maar nou blyk dit ek moet wag vir die regseenheid se kommentaar/mening," het hy geskryf.

Du Plessis sê sy sit met 34 trusts wat nie geregistreer kan word nie. "Ek het reeds met die direkteurs van ons maatskappy daaroor gepraat om 'n mandamus-klag ('n instrument waarmee die hof gevra kan word om staatsamptenare te dwing om hul werk te doen) teen die meesterskantoor te lê, want dit voel of niks anders werk nie."

Sy glo daar is honderde mense wat nie gehelp word nie omdat die amptenare in die meesterskantoor op hul hande sit. "Die frustrerende ding is hierdie trusts is nie belangrik omdat dit mense gaan ryk maak nie. In die meeste gevalle is dit geld wat noodsaaklik is om hul daaglikse uitgawes te dek - uitgawes waarsonder hul lewens een groot gesukkel is. Onthou, baie van hierdie mense het breinbeserings of ander nagevolge wat hulle daarvan weerhou om te werk. Sommige is minderjariges, met uitgawes waaraan die meeste kinders se ouers nooit hoef te dink nie."

*Rapport* se navrae aan die meesterskantoor oor hul gesloer met die nuwe direktief is nie beantwoord nie. *Rapport* wou ook reaksie hê oor aantygings dat boedels sloer omdat oorspronklike dokumente deur amptenare in die meesterskantoor verloor word, of persone verkeerdelik as eksekuteurs aangestel word, maar het ook nie daarop antwoorde gekry nie.

Bouwer, wat aan die hoof staan van WF Bouwer Attorneys in Pretoria en meer as vier dekades se ervaring met boedels het, het aan *Rapport* gesê sy firma is besig met 'n saak waarin die meester aanvoer die oorspronklike testament van 'n man wat in 2020 oorlede is, is nie ingedien nie en 'n eksekuteur kan nie aangestel word nie. "Maar ons het dokumente wat wys die papierwerk is ingegee. Die meester het dit verloor."

In 'n ander geval weier die meesterskantoor om 'n man wat in 2019 gesterf het se volwasse kind as eksekuteur aan te stel totdat bloed- of DNS-toetse voorgelê word om die verwantskap te bewys. Die oorledene se broer is verkeerdelik as eksekuteur aangestel.

Volgens Louis van Vuren, die hoof van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa), ly die regsgeleerdes wat gereeld met die land se meesterskantore te doen het aan wat hy noem "kokende padda-sindroom".

"Dis nie meer vir ons snaaks as iets wat vinnig afgehandel kan en moet word, vir maande sloer nie omdat dit die norm is in ons meesterskantore. Daar is uitsonderings. Ons as Fisa het byvoorbeeld 'n maand gelede vir die eerste keer 'n klagte gekry oor Kimberley se meesterskantoor, en oor Bloemfontein het ons nog nooit een gehad nie. Maar dan het jy vrot appels, soos Kaapstad, Pretoria, Johannesburg en Polokwane, waaroor gereeld gekla word. Die meesterskantoor in geheel is nou soos 'n swart gat in die ruimte: alles gaan in, maar niks kom uit nie," sê Van Vuren.

Fisa het 800 regspraktisyns as lede en hulle word jaarliks gevra om die meesterskantore 'n punt van 1 tot 5 te gee. Verlede jaar het 33% van hulle die kantoor net 1 een 5 gegee, en nog 33% 2 uit 5. Vanjaar het 44% 'n 1 gegee, en 'n verdere 30% 'n 2.

* 'n Skuilnaam is gebruik om die minderjarige eiser se identiteit te beskerm.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.